



NOTULE VAN 'N GEWONE VERGADERING VAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE GEHOU IN DIE BANKETSAAL, MALMESBURY OP WOENSDAG, 12 AUGUSTUS 2015 OM 11:00

TEENWOORDIG:

Uitvoerende Burgemeester, rdh T van Essen (voorsitter)
Uitvoerende Onderburgemeester, rdh M S I Goliath

Lede van die Burgemeesterskomitee:

Rdl M Rangasamy
Rdl R F van der Westhuizen
Rdl M van Zyl
Rdl W Wilskut

Ander raadslede:

Rdh N J A Rust

Beampes:

Munisipale Bestuurder, mnr J J Scholtz
Direkteur: Korporatiewe Dienste, me M S Terblanche
Direkteur: Elektriese Ingenieursdienste, mnr R du Toit
Direkteur: Ontwikkelingsdienste, mnr J T Steenkamp
Direkteur: Siviele Ingenieursdienste, mnr A J Botha
Bestuurder: Voorsieningskanaalbestuur, mnr P Swart
Bestuurder: Vekeer- en Wetstoepassingsdienste, mnr R Steyn
Bestuurder: Sekretariaat en Rekorddienste, me N Brand

1. OPENING

Rdh M S I Goliath open die vergadering met gebed op versoek van die voorsitter.

2. VERLOF TOT AFWESIGHEID

Die komitee is voltallig.

3. VOORLEGGINGS/AFVAARDIGINGS/SPREEKBEURTE

Geen

4. NOTULES

4.1 NOTULE VAN 'N GEWONE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE-VERGADERING GEHOU OP 22 JULIE 2015

BESLUIT

Dat die notule van 'n Gewone Uitvoerende Burgemeesterskomiteevergadering gehou op 22 Julie 2015 goedgekeur en deur die Burgemeester onderteken word.

4.2 NOTULE VAN 'N PORTEFEULJEKOMITEESVERGADERING GEHOU OP 5 AUGUSTUS 2015

[Regstellings oorgehou as prerogatief van die onderskeie komitees.]

5. OORWEGING VAN AANBEVELINGS EN SAKE VOORTSPRUITEND UIT DIE NOTULE

5.1 NOTULE VAN 'N PORTEFEULJEKOMITEEVERGADERING GEHOU OP 5 AUGUSTUS 2015

5.1.1 ADMINISTRASIE EN FINANSIES

BESLUIT

Dat die Uitvoerende Burgemeester die aanbevelings in die betrokke notule bekragtig.

5.1.2 SIVIELE EN ELEKTRIESE DIENSTE

BESLUIT

Dat die Uitvoerende Burgemeester die aanbevelings in die betrokke notule bekragtig.

5.1.3 ONTWIKKELING- EN BESKERMINGSDIENSTE

BESLUIT

Dat die Uitvoerende Burgemeester die aanbevelings in die betrokke notule bekragtig, onderhewig daaraan dat die aanbeveling onder item 6.1 – Riglyne insake ondersteuning in geval van rampe (met spesifieke verwysing na die afbrand van wonings) na 'n besluit gewysig word, aangesien die Portefeuljekomitee wel besluitnemingsbevoegdheid oor die aangeleentheid het.

6. SAKE VOORTSPRUITEND UIT DIE NOTULES

6.1 NOTULE VAN 'N UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEEVERGADERING GEHOU OP 22 JULIE 2015

6.1.1 ITEM 7.12: VOORGESTELDE HERSONERING EN ONDERVERDELING VAN GEDEELTES VAN ERWE 317, 7455 EN 882, MALMESBURY (15/3/3-8, 15/3/6-8) (WYK 7)

Die aanvanklike beplanning was om 'n residensiële ontwikkeling met 266 enkelwoningssone erwe te skep, maar het die goedkeuring in Desember 2014 verval. Die grondgebruiksregte het daarom na landbousone 1 teruggeval.

'n Aansoek is weer ontvang namens die eienaar, *Schoonspruit Country Estate*, vir die hersonering van gedeeltes van erwe 317, 7455 en 882, Malmesbury vanaf landbousone 1 na onderverdelingsgebied ten einde vir die volgende grondgebruike voorsiening te maak:

- 1 sakesone 1 erf – groot ±1,3 ha
- 1 sakesone 1 erf (kantoorpark) – groot ±0.57 ha
- 63 nywerheidsone 2 erwe – groot ±14,5 ha in totaal
- 2 oopruimtesone 2 erwe – groot ±4,23 in totaal
- 3 oopruimtesone 1 erwe – groot ±0,55 ha in totaal
- vervoersone 2 (paaie) – groot ±3,35 ha.

Hierdie voorgestelde nywerheidsontwikkeling beskik reeds oor 'n omgewingsgoedkeuring vanaf die Departement van Omgewingsake en Ontwikkelingsbeplanning.

Verder word die verbreding van die N7 ook reeds in die ontwikkeling geakkommodeer.

Besluit/...

6.1.1/...

BESLUIT

A Dat die aansoek vir die hersonering van gedeeltes van erwe 317, 7455 en 882, Malmesbury vanaf landbousone 1 na onderverdelingsgebied ingevolge artikel 16(1) van Ordonnansie 15 van 1985 goedgekeur word, ten einde vir die volgende grondgebruike voorsiening te maak, naamlik:

- 1 sakesone 1 erf – groot $\pm 1,3$ ha
- 1 sakesone 1 erf (kantoorpark) – groot $\pm 0,57$ ha
- 63 nywerheidsone 2 erwe – groot $\pm 14,5$ ha (± 1500 m² tot ± 5000 m² erwe)
- 2 oopruimtesone 2 erwe – groot $\pm 4,23$ ha in totaal
- 3 oopruimtesone 1 erwe – groot $\pm 0,55$ ha in totaal
- vervoersone 2 (paaie) – groot $\pm 3,35$ ha;

B Dat die aansoek vir die onderverdeling van gedeeltes van erwe 317, 7455 en 882, Malmesbury in 1 sakesone 1 erf – groot $\pm 1,3$ ha; 1 sakesone 1 erf (kantoorpark) – groot $\pm 0,57$ ha; 63 nywerheidsone 2 erwe – groot $\pm 14,5$ ha (± 1500 m² tot ± 5000 m² erwe); 2 oopruimtesone 2 erwe – groot $\pm 4,23$ ha in totaal; 3 oopruimtesone 1 erwe – groot $\pm 0,55$ ha in totaal en vervoersone 2 (paaie) - $\pm 3,35$ ha, ingevolge artikel 25(1) van Ordonnansie 15 van 1985 goedgekeur word, onderhewig aan die volgende voorwaardes:

B1 WATER

- (a) Dat die ontwikkelaar kennis neem dat geen grootmaatsdienste op die terrein van die voorgestelde ontwikkeling beskikbaar is nie. Derhalwe moet bestaande grootmaatsdienste uitgebrei word om die nodige aansluitings te voorsien;
- (b) Dat die interne en eksterne waterdienste ontwerp word deur 'n ingenieur toepaslik geregistreer ingevolge die bepalings van die Wet op die Ingenieursprofessie, Wet 46 van 2000. Die ontwerp moet deur die kantoor van die Direkteur: Siviele Ingenieursdienste goedgekeur word en die dienste moet ooreenkomstig die goedgekeurde ontwerp onder die toesig van die Ingenieur aangebly word;
- (c) Dat die eksterne waterdienste beplan word ooreenkomstig die watermeesterplan vir Malmesbury. Hiervoor moet die ontwikkelaar met GLS Raadgewende Ingenieurs skakel vir detail met betrekking tot die watermeesterplan. GLS Raadgewende Ingenieurs moet ook volledig verslag doen ten opsigte van grootmaat watervoorsiening aan die voorgestelde ontwikkeling;
- (d) Dat die ontwikkelaar verantwoordelik sal wees vir die werklike koste van die netwerk;

B2 RIOOL

- (a) Dat die ontwikkelaar kennis neem dat geen grootmaatsdienste op die terrein van die voorgestelde ontwikkeling beskikbaar is nie. Derhalwe moet bestaande grootmaatsdienste uitgebrei word om die nodige aansluitings te voorsien;
- (b) Dat die interne en eksterne riooldienste ontwerp word deur 'n ingenieur toepaslik geregistreer ingevolge die bepalings van die Wet op die Ingenieursprofessie, Wet 46 van 2000. Die ontwerp moet deur die kantoor van die Direkteur: Siviele Ingenieursdienste goedgekeur word en die dienste moet ooreenkomstig die goedgekeurde ontwerp onder die toesig van die ingenieur aangebly word;
- (c) Dat die/...

6.1.1(B2)/...

- (c) Dat die eksterne riooldienste beplan word ooreenkomstig die rioolmeesterplan vir Malmesbury. Hiervoor moet die ontwikkelaar met GLS Raadgewende Ingenieurs skakel vir detail met betrekking tot die rioolmeesterplan. GLS Raadgewende Ingenieurs moet ook volledig verslag doen ten opsigte van grootmaat rioolvoorsiening aan die voorgestelde ontwikkeling;
- (d) Dat die ontwikkelaar verantwoordelik sal wees vir die werklike koste van die netwerk;

B3 STRATE

- (a) Dat die interne strate en die opgradering van eksterne toegange tot die ontwikkeling ontwerp word deur 'n ingenieur toepaslik geregistreer ingevolge die bepalings van die Wet op die Ingenieursprofessie, Wet 46 van 2000. Die ontwerpe moet deur die kantoor van die Direkteur: Siviele Ingenieursdienste goedgekeur word en die strate moet gebou word ooreenkomstig die goedgekeurde ontwerpe onder die toesig van die ingenieur;
- (b) Dat die opgradering van eksterne strate beplan word ooreenkomstig die padnetwerkmeesterplan vir Malmesbury. Hiervoor moet die ontwikkelaar skakel met ITS Raadgewende Ingenieurs vir detail met betrekking tot die padnetwerkmeesterplan. ITS Raadgewende Ingenieurs moet ook volledig verslag doen ten opsigte van die opgradering van eksterne toegange tot die ontwikkeling;
- (c) Dat die ontwikkelaar 'n volledige ontwerp deur 'n toepaslike geregistreerde ingenieur laat doen van 'n verbindingspad met skouers en voetoorgangersroete tussen Schoonspruitweg en Alfastraat;
- (d) Dat bogemelde ontwerp, (soos in 3(c) beskryf), die duikweg wat deur SANRAL op die suidelike gedeelte van die ontwikkeling aangebring word, in ag moet neem met die ontwerp van die betrokke verbindingspad;
- (e) Dat die ontwikkelaar op eie koste ten minste een voetgangersroete tussen Schoonspruitweg en Alfastraat bou met die nodige landskapering, bankies en verligting;
- (f) Dat die ontwikkelaar ook oorweging daaraan sal skenk om die duikweg wat op die noordelike grens van die ontwikkeling deur SANRAL aangebring word, in te skakel met die interne padnetwerk van die voorgestelde nywerheidsontwikkeling. Die praktiese uitvoering en wenslikheid van so 'n verbindingspad moet in ag geneem word;
- (g) Dat Schoonspruitweg, as 'n openbare pad, toegang moet verleen deur die nuwe goedgekeurde industriële gebied na die nuwe wissellaar noord van Abbotsdale ten einde geleentheid vir besighede te gee om die nuwe wissellaar te bereik en sodoende die verkeersdruk in Bokomoweg te verlig;
- (h) Dat die ontwikkelaar verantwoordelik sal wees vir die werklike koste van die vervoernetwerk;

B4 STORMWATER

- (a) Dat die interne en eksterne stormwaterafvoerstelsels ontwerp word deur 'n ingenieur toepaslik geregistreer ingevolge die bepalings van die Wet op die Ingenieursprofessie, Wet 46 van 2000. Die ontwerp moet deur die kantoor van die Direkteur: Siviele Ingenieursdienste goedgekeur word en die dienste moet ooreenkomstig die goedgekeurde ontwerp onder die toesig van die ingenieur aangebring word;
- (b) Dat die ontwikkeling van 'n ondergrondse stelsel vir storms tot die 1:5 jaar herhalingsperiode en 'n bopgrondse stelsel vir die 1:50 jaar herhalingsperiode voorsien moet word;
- (c) Dat die toepaslike geregistreerde ingenieur wat aangestel is om die dienste te ontwerp, die afloop vanuit die woongebiede aan die westelike kant van die N7 Hoofweg in die ontwerp in ag moet neem;

6.1.1(B2)/...

- (d) Dat die ontwikkelaar verantwoordelik sal wees vir die werklike koste van die stormwater netwerk;

B5 ELEKTRISITEIT

- (a) Dat elke onderverdeelde gedeelte van 'n afsonderlike elektriese aansluiting op koste van die eienaar/ontwikkelaar voorsien word;
- (b) Dat enige verskuiwings van elektriese kables oor die betrokke onderverdeelde gedeeltes verskuif sal word vir die koste van die eienaar/ontwikkelaar;
- (c) Dat enige elektriese tussenverbinding ge-isoleer en ten volle verwyder sal word;
- (d) Dat die elektriese aansluiting aan bestaande mediumspanning-netwerk gekoppel sal word en dat vooraf goedgekeurde ontwerp, die konstruksie en toesig onder leiding van 'n raadgewende ingenieur sal geskied;
- (e) Dat daar geen bestaande (laag/medium) spanning netwerk bestaan nie en dat die beplanning, ontwerp en konstruksie om 'n (laag/medium) spanning netwerk daar te stel vir die koste van die eienaar/ontwikkelaar sal wees;
- (f) Dat die elektriese netwerk ontwerp vooraf voorgelê en goedgekeur word deur die elektriese departement van Swartland Munisipaliteit;
- (g) Dat die ontwikkelaar verantwoordelik is vir die werklike kostes van die netwerk;

B6 VULLISVERWYDERING

- (a) Dat die basiese vullisverwyderingstarief vir elke beboude sowel as onbeboude erf gehef word. Dat die tarief aangepas word namate die hoeveelheid vullis wat verwyder word;
- (b) Dat vullis in swartsakke op die naaste munisipale sypaadje op die oggend van vullisverwydering geplaas word;
- (c) Dat met verwysing na enige infrastruktuur wat aangebring moet word om die verwydering van vullis sinvol en ordelik te akkommodeer, die ontwikkelaar vir die werklike koste verantwoordelik sal wees;

B7 ALGEMEEN

- (a) Dat die beplanning en ontwerp van eksterne, sowel as interne dienste tot hierdie ontwikkeling ook die toekomstige ontwikkeling van die omgewing in ag neem, en vir toekomstige aansluitings voorsiening maak. Soos gebou planne van die siviele dienste moet in elektroniese DWG formaat voorsien word;
- (b) Dat vaste koste en werklike koste kapitaalbydraes ten opsigte van grootmaatsdienste betaalbaar is en sal bereken word met die oorweging van die ontwerpe ooreenkomstig die Munisipaliteit se beleid vir die heffing van vaste kapitaalbydraes;
- (c) Dat die wetlike sertifikaat wat oordrag van enige onderverdeelde gedeelte ingevolge artikel 31 van Ordonnansie 15 van 1985 magtig, nie uitgereik sal word alvorens daar aan die relevante voorwaardes voldoen is nie.

6.1.2 ITEM 7.13: WYSIGING VAN GOEDKEURING VAN DIE VOORGESTELDE ONDERVERDELING, HERSONERING, VERGUNNINGSGEBRUIK EN AFWYKING VAN ERWE 5675, 567, 568, 7687, 2596, 541, 5602, 5607 EN RESTANT VAN ERF 3546, MALMESBURY ASOOK SLUITING VAN GEDEELTE VAN ERF 1671, MALMESBURY (15/3/3-8, 15/3/6-8, 15/3/6-8, 15/3/10-8) (WYK 8)

Hierdie aansoek is terugverwys ten einde die kwessie aangaande die kleur van die administratiewe gebou op die h/v Voortrekkerweg en Loedolfstraat met Weskus Kollege te bespreek, asook om duidelikheid te kry aangaande die serwituut langs die rivier.

Die voorsitter/...

6.1.2/...

Die voorsitter noem dat 'n vergadering met Weskus Kollege plaasgevind het, en dat daar bevestig is dat die administratiewe gebou met 'n baie duursame en bestande materiaal gebou is en dat die afwerking nie verander kan word nie. Die materiaal is wel bedoel om mettertyd ligter te raak.

Daar is ook tydens die vergadering uitklaring gekry oor die serwituuat langs die rivier en verduidelik die voorsitter dat daar twee sekuriteitstoegange na die terrein wees om ook sodoende die eiendom van die Weskus Kollege te beskerm.

'n Verdere versoek is vanaf die ontwerpsargitekthe ontvang om die terreinontwikkelingsplan te wysig. Die wysiging behels die weglating van die koshuise, asook die verskuiwing van sekere gebruike op die kampus.

BESLUIT

(a) Dat die aansoek vir die wysiging van paragraaf B van die Raadsbesluit gedateer 14 Mei 2014 rakende die onderverdeling, hersonering, vergunningsgebruik en afwyking van erwe 5675, 567, 568, 7687, 2596, 541, 5602, 5607 en restant erf 3546, Malmesbury, asook die sluiting van 'n gedeelte van erf 1671, Malmesbury ingevolge artikel 42(2)(a) van Ordonnansie 15 van 1985 goedgekeur word, soos volg:

B Dat die aansoek vir die hersonering van die betrokke gedeeltes ingevolge artikel 16(1) van Ordonnansie 15 van 1985 soos volg goedgekeur word:

- gedeeltes A en B vanaf algemene woonsone na gemeenskapsone 1;
- gedeeltes C en D vanaf openbare pad na gemeenskapsone 1;
- gedeelte E vanaf openbare oopruimte na gemeenskapsone 1;
- gedeelte F vanaf ligte nywerheidsone na gemeenskapsone 1;

Dat die volgende gebruike geakkommodeer word as deel van die plek van onderrig:

- konsolideerde gedeeltes A, B en erf 5675 – hotelskool;
- konsolideerde gedeeltes C en D – parkering vir studente en besoekers;
- konsolideerde gedeelte E, F en erwe 541, 5607, 3546 en 7687 – administratiewe kantore, klas- en rekenaarkamers, saal, studentesentrum, personeel-akkommodasie en konferensie- en gastehuisfasiliteit en restaurant;

(b) Dat die Weskus Kollege en hul raadgewers dienooreenkomstig van die besluit in kennis gestel word.

6.2 NOTULE VAN 'N PORTEFEULJEKOMITEEVERGADERING GEHOU OP 5 AUGUSTUS 2015

6.2.1 ITEM 8.1: VOORGESTELDE VERGUNNINGSGEBRUIK OP ERF 7371, MALMESBURY (15/3/10-8) (WYK 8)

BESLUIT dat die item oorstaan om geleentheid te gee vir gesprekvoering met Nova-voere en Kaap Agri Bpk insake die daarstelling van 'n verkeerslig.

7. Nuwe sake/...

7. NUWE SAKE

7.1 GOEDKEURING VAN 'N TYDSKEDULE VIR DIE 4^{DE} HERSIENING VAN DIE GOP EN DIE OPSTEL VAN DIE JAARLIKSE BEGROTING (2/1/4/41)

Ingevolge artikel 21(1)(b) van die Wet op Munisipale Finansiële Bestuur, Wet 56 van 2003 (MFMA) moet die burgemeester ten minste 10 maande voor die begin van die begrotingsjaar 'n tydskedule aan die Raad voorlê met sleutel sperdatums insake die hersiening van die GOP en begrotingsproses.

BESLUIT (vir aanbeveling aan die Raad op 27 Augustus 2015)

Dat die tydskedule vir die 4^{de} hersiening van die GOP en die opstel van die jaarlikse begroting kragtens artikel 21(1) vn die Wet op Munisipale Finansiële Bestuur, Wet 56 van 2003, vir goedkeuring by die Raad aanbeveel word.

7.2 AANVAARDING VAN DIE VERORDENING INSAKE DIE REËLS VIR DIE HOU VAN VERGADERINGS (1/1)

Die hersiening van gemelde verordening was deel van die projek om verskeie verordeninge van die Raad te hersien.

Die konsep verordening is op 9 Junie 2015 geadverteer en geen kommentaar is teen die spertyd van 3 Julie 2015 ontvang nie.

Die konsep verordening is reeds met raadslede behandel tydens 'n werkwinkel wat op 19 Mei 2015 gehou was.

BESLUIT (vir aanbeveling aan die Raad op 27 Augustus 2015)

Dat die verordening insake die Reëls vir die Hou van Vergaderings vir aanvaarding aan die Raad aanbeveel word, om in werking te tree op datum van afkondiging in die Provinsiale Koerant.

7.3 VERVREEMDING VAN ERWE: (1) ERF 7913, RIVERLANDS EN (2) ERF 1653, CHATSWORTH (12/2/B)

Die Raad het goedkeuring verleen dat tenders met ontwikkelingsvoorstelle gevra word vir die vervreemding van erf 7913, Riverlands en erf 1653, Chatsworth. Die tweekovertstelsel is gevolg om ontwikkelingsvoorstelle en die monetêre aanbiedinge te oorweeg.

Die tabel bevat 'n opsomming van aanbiedinge wat ontvang is, naamlik:

| Erf no. / -grootte | Reserweprys* | Tenderaar en Ontwikkelingsvoorstel | Evaluering van Ontwikkelingsvoorstel** | Monetêre aanbod* |
|--|--------------|--|--|------------------|
| Erf 7913 Riverlandsrylaan, Riverlands ±1039 m ² groot | R14 000,00 | G&E&F Bester Vervoer : Vervoerbesigheid Oprigting van 150m ² stoor ten bedrae van R600 000, werkwinkel, wasplek, parkeerarea vir vragmotors en dieseltenk | 77.222% | R20 000,00 |
| Erf 1653 H/v Malmesburyweg en Sewendelaan, Chatsworth ±2807 m ² groot | R95 000,00 | RS Ubuntu (Pty) Ltd : Winkelkompleks ten bedrae van R1,2 miljoen wat in fases ontwikkel sal word, wat by voltooiing uit ses kleinhandelswinkel sal bestaan | 75.556% | R75 000,00 |

*BTW uitgesluit

** Gemiddelde punt, minimum vereiste = 70%

Besluit/...

7.3/...

BESLUIT

- (a) Dat ooreenkomstig die volmag wat deur die Raad aan die burgemeesterskomitee verleen is om die monetêre aanbiedinge te oorweeg vir aanvaarding al dan nie:
- (i) goedkeuring verleen word dat erf 7913, Riverlands aan G&E&F Bester Vervoer vervreem word ten bedrae van R20 000,00 BTW uitgesluit;
 - (ii) goedkeuring verleen word dat erf 1653, Chatsworth aan R S Ubuntu Trading (Pty) Ltd vervreem word, indien gemelde tenderaar sou instem om sy aanbod van R75 000,00 tot R95 000,00, BTW uitgesluit te verhoog, by gebreke waartoe geen tendertoekenning gemaak sal word nie;
- (b) Dat die Direkteur: Korporatiewe Dienste volmag verleen word om in oorlegpleging met die raadsprokureur die verkoopsooreenkomste te finaliseer ooreenkomstig die spesifikasies soos vervat in die onderskeie tenderdokumente.

7.4 UITSTAANDE DEBITEURE: JULIE 2015 (5/7/1/1)

'n Volledige verslag van die stand van uitstaande debiteure is met die sakelys gesirkuleer.

BESLUIT

Dat kennis geneem word van die verslag aangaande die stand van uitstaande debiteure vir die maand van Julie 2015.

7.5 UITSTAANDE VERSEKERINGSEISE (5/14/3/5)

Ingevolge die Batebestuursbeleid moet maandeliks verslag gedoen word insake die uitstaande versekeringseise.

BESLUIT

Dat kennis geneem word van die stand van uitstaande versekeringseise soos met die sakelys gesirkuleer.

7.6 VOORGESTELDE AFWYKING OP ERF 874, YZERFONTEIN (15/8/2-14)

'n Bouplanaansoek is ontvang vanaf die eienaar, *McMaster Familie Trust*, op erf 874, Lutie Katzweg, Yzerfontein wat 'n geboude buitebraai voorstel waarvan die 1,5m syboullyn en 2m agterboullyn tot op 0m onderskeidelik oorskry word. Die buitebraai is reeds gebou.

BESLUIT

- (a) Dat die aansoek vir 'n afwyking op erf 874, Yzerfontein ten einde af te wyk van die 1,5m syboullyn en 2m agterboullyn na 0m onderskeidelik vir die oprigting van buitebraai, ingevolge artikel 15(1)(b) van Ordonnansie 15 van 1985 goedgekeur word, onderhewig aan die volgende voorwaardes:
- (i) dat die braai op erf 874 gepleister en geverf word;
 - (ii) dat die beswaarmaker op sy reg tot appèl per geregistreerde pos gewys word;
- (b) Dat die volgende redes vir die besluit aangevoer word:
- (i) beide persele se buiteleefareas word soortgelyk aangewend met buitebraai's op die gemeenskaplike sygrens;

7.6(b)/...

- (ii) geen uitsigte vanaf erf 873 word beïnvloed deur die braai op erf 874 nie;
- (iii) dat die buitebraaiplek reeds bestaan.

7.7 VERVREEMDING VAN GEDEELTE STRAATRESERWE VAN SENDINGSTRAAT AANLIGGEND AAN ERF 263, RIEBEEK-WES (15/3/6-12) (WYK 3)

Die Munisipale Bestuurder noem dat mnr Koos Celliers geraadpleeg is oor die korrekte prosedures wat gevolg moet word om die straatreserwe by erf 263, Riebeek-Wes in te sluit.

BESLUIT dat die item oorstaan, en dat indien die nodige inligting betyds ontvang word, die vervreemding van gedeelte straatreserwe van Sendingstraat aanliggend aan erf 263, Riebeek-Wes vir oorweging aan die Raad in Augustus voorgelê sal word.

7.8 VOORGESTELDE HERSONERING VAN 'N GEDEELTE VAN ERF 327, MALMESBURY (15/3/3-8) (WYK 10)

Aansoek word gedoen vir die hersonering van erf 327 (groot ±2000m²), geleë direk noord van die Wesbank begraafplaas, Malmesbury vanaf onbepaalde sone na oopruimtesone 4 ten einde die bestaande begraafplaas uit te brei.

Die voorsitter meld die kommentaar wat ontvang is van die Weskus Distriksmunisipaliteit, en noem dat dit weens die bestaande gebruike wat reeds deur Wesbank begraafplaas gevestig is, nie geakkommodeer kan word nie.

BESLUIT

- (a) Dat die aansoek vir die hersonering van 'n gedeelte van erf 327 (groot ±2000m²), geleë direk noord van die bestaande Wesbank begraafplaas, Malmesbury ingevolge artikel 16(1) van Ordonnansie 15 van 1985 vanaf onbepaalde sone na oopruimtesone 4 ten einde die bestaande begraafplaas uit te brei, goedgekeur word;
- (b) Dat die volgende redes vir die besluit aangevoer word:
 - (i) die dringende behoefte vir die uitbreiding van die bestaande Wesbank begraafplaas weens die feit dat dit bykans kapasiteit bereik het;
 - (ii) nuwe grafte gaan nie nader aan die woongebied wees as bestaande grafte nie;
 - (iii) die uitbreiding van die begraafplaas is versoenbaar met die Ruimtelike Ontwikkelingsraamwerk van Swartland Munisipaliteit soos van toepassing op Malmesbury.

7.9 TENDERUITNODIGING VIR DIE HUUR VAN 'N GEDEELTE VAN GEDEELTE 32 VAN DIE PLAAS 560 YZERFONTEIN (12/2/B)

'n Tenderkennisgewing (L01.15.16) is op 1 Augustus 2015 in Die Burger en *Cape Times* gepubliseer om aanbiedinge uit te nooi vir die huur van 'n gedeelte (±2,7203 ha groot) van Gedeelte 32 van die Plaas 560 Yzerfontein om uitsluitlik vir 'n elektroniese data-verwante aktiwiteite te benut wat met die *West Africa Cable System* verband hou.

Gemelde kennisgewing dui 21 Augustus 2015 as die sperdatum vir indiening van tendervoorstelle in.

'n Afvaardiging van die firma, *Vict Systems (Pty) Ltd* het met die Munisipaliteit ontmoet om vrae rakende die tenderspesifikasies uit te klaar. 'n Skrywe is ontvang vanaf mnr L Meadon van gemelde firma waarin versoek word dat die sperdatum vir die indiening van tenders uitgestel word na 12 September 2015.

7.9/...

BESLUIT

- (a) Dat kennis geneem word van die versoë van *Vict Systems (Pty) (Ltd)* vir die verlenging van die sperdatum vir bogemelde tender;
- (b) Dat goedkeuring verleen word dat die sperdatum vir die indiening van tenders soos gevra per Kennisgewing L01.15.16, verleng word met drie weke, dit is vanaf Vrydag, 21 Augustus 2015 tot Vrydag, 11 September 2015, vir die volgende redes:
- die drie weke termyn oënskynlik te kort is om te handel met komplekse aspekte wat met die tender verband hou;
 - die verlening van uitstel die potensiaal inhou dat 'n groter aantal tenders ontvang mag word, wat aansluit by die doel van die tender, synde om optimale voordeel vir die Raad te bewerkstellig uit die kompeterende voordeel wat die ligging van die grond vir die Munisipaliteit inhou;
- (c) Dat 'n kennisgewing in dieselfde media as die oorspronklike media (*Die Burger* en *Cape Times*) asook op die munisipale webtuiste geplaas word om kennis te gee aan voornemende tenderaars dat die sperdatum vir die tender uitgestel word soos voormeld, en dit ook spesifiek onder die aandag gebring word van daardie tenderaar/s wat reeds hul belangstelling om te tender te kenne gegee het;
- (d) Dat tenders wat teen 21 Augustus 2015 in die tenderbus geplaas word, nie geopen word nie of (indien die besonderhede van die tenderaar/s op die tenderkoevert verskyn) dit aan die tenderaars terugbesorg word om teen die gewysigde sperdatum in te dien.

(GET) T VAN ESSEN
UITVOERENDE BURGEMEESTER